19 Augustus 2022

Geagte Ouers

PITKOS VIR DIE WEEK

2 Korintiërs 9:6 - “Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai.”

PERSONEEL

Verjaarsdae

Baie geluk aan die volgende personeel wat in hierdie week en in volgende week verjaar.

17 Augustus - Juf. Johalize Bushney (Gr. 2)
18 Augustuss - Lizzie Mpondo (Algemene Assistent)

Mag u ‘n geseënde dag en jaar saam met u gesin en familie beleef.

OPVOEDKUNDIGE TOER – GR. 6

Onthou asb. dat toergelde volledig betaalbaar is, voor of op **20 September**.

#RoodiesReis #RoodieAvonture

ROODIE-AVONTUUR-NAWEEK

DIE JAARLIKE FONDINSAMELINGSPROJEK: DIE ROODIE-AVONTUUR!

VRYDAG, 12 AUGUSTUS

Geesvangdag

Vrydag was elke leerder se lekkerste skooldag! Geen tasse is nodig nie – net jou “spoeg-en-plak” skryfbehoeftes! Hoe kreatief was elke klas nie op die dag nie! Hoedjies, waaiertjies, vlaggies en nog meer is geskep om elkeen te beman vir die optog.

Die klasse het hulle “tweeling”-klasse op die veld ontmoet. Die jonger grade was in hulle noppies om deur die seniors begelei te word. Kort voor lank het elke

jonger maatjie 'n senior aan die hand om seker te maak hulle weet wat om van die volgende dag te verwag. 'n Bietjie geesvang en lekker agtergrondmusiek het elkeen breed laat glimlag, sodat elke avontuur 'n pragtige foto kon neem saam met die tweeling-klasse se indrukwekkende baniere.

Die senior-klasse is bederf met die spesiale vertoning deur ons eie "Tjokkers" wat as wenners aangekondig is in vanjaar se Pronk Toneelfees. Die toneelgroep het hulle vreeslik vermaak en so ook voornemende akteurs vir die volgende toneelproduksie geïnspireer.

Buitelug filmvertoning, potjiekos en piekniek.

Laat die potte prut!

Vrydagmiddag het ywerige ouers al hulle wenresep aanmekaar geslaan onder die afdakke. Menigte het later die aand heerlik daaraan gesmul. Die rugbyveld was stampvol piekniekkomberse en kampstoele, terwyl Jumanji 2 op 'n grootskerm heelwat leerders en ouers vermaak het. Ander het ook hulself vermaak! Kuiersessies en kinders wat rondom piekniekmandjies baljaar, was die orde van die dag! Party stalletjies kon reeds met 'n paar verkope begin. Koffie, warm sjokolade, biltong en gloei-stokkies is onder die skare verkoop. 'n Goeie afskop voor die regte avontuur begin…

SATERDAG, 13 AUGUSTUS

Roodie-avontuur

Saterdagoggend het begin met besige, hardwerkende mammas en pappas wat oral gespartel het om elke stalletjie reg te ruk vir 'n skare mense wat binnekort Roodieterrein kom binneval. Stadig, maar seker het die pawiljoene voller geword soos die Roodies aanmeld by hulle "tweeling"-klas se stasie.

Die optog skop af met die museum-avontuur waar Gr. 7B en Gr.RE-leerders hulle dinosourussterte geswaai het. Gr.7R en Gr.RL-leerders was die oeroue Flintstone Grotkruipers. Gr.7V en Gr.RS het die piekniekgees losgelaat saam met 'n paar helder ballonne! Gr. 7J en Gr.RV is stadsbesoek met die rooi bus, "hop on" elkeen! Gr.7C en Gr.RC het seker gemaak die getrompetter van die vuvuselas mis nie die bergklimmers nie. Daarna het Gr.1A en Gr.5J die visvangwaters saamgesleep met 'n paar visstokke in die hand. Gr.6V en Gr.1F het kleurvolle draaiwiele aan die rol geswaai met die fietsry-item.

Kort op hul hakke was Gr.6H en Gr.1H met ’n wafferse Spiderman en ’n omstrede Bobbejaan-Joubert-spinnekop wat glo kan rotsklim op ’n goeie dag! Gr.2Y , Gr.1M en Gr. 3 O het die dieretuin saamgebring, hierdie Zoodies het van ’n tier tot ’n luiperd gehad! Gr.6S en Gr.1N het gewys hulle juffies sal nie skrik om selfs uit ’n vliegtuig te spring om te “skydive” nie. Die akrobate van Gr.5K en Gr.1Z, het die ouers beïndruk met hulle toertjies by die trampolienpark. Gr.4E en Gr. 2D het met hulle hoedjies van papier gepronk op hulle roeibootjies. Naderhand moes die Gr.5H en Gr.2J se bootritte die anker ophys, sodat hulle matrose ook kon verbyseil.

Jolige tromme het ons Gr.2L en Gr.4C se Bungee Jumpers vergesel. Gr.4G en Gr.2R het ten minste hulle verkykers onthou om die wild te besigtig. Gr.5A en Gr. 2V het met hulle stapskoene, stapstokke en sonhoede opgedaag gepantser teen ’n dag in die son. G.4H en Gr. 3G het ekstra wiele vir die 4x4-ritte onthou, Gr.4L en Gr3J se perdjies het met ’n huppel in hul stap verby beweeg. Gr.6C en Gr.3M het gewys die kaskarre gaan pret hê op dié dag! Gr.6B en Gr.3N het die lugballonne saamgebring en laastens het Gr.5W en Gr.3R gewys hoedat waterski’s ’n spansport is om selfs die dam saam te dra.

Hiernaas het elke graad beurtelings deelgeneem aan die kaskar-wedrenne, nadat die Ferrari-assistente die baan met hope pret geopen het. Stalletjies het begin wemel. Kinders het baljaar en het foto’s geneem, onnies met verf gegooi, springkasteel gespring en nog vele meer. Herinneringe wat die Roodie-gemeenskap vir lank kan koester.

SONDAG, 14 AUGUSTUS

Dankseggingsdiens

Pastoor Marius Keyter het die naweek op ’n gepaste manier afgesluit. Om ons God die Vader te bedank vir elke suksesvolle bydrae, bymekaarkom van gesinne en lede van die Roodie-familie. Ons is werklik geseënd met betrokke ouers, grootouers en familie wat van hierdie naweek ’n groot sukses gemaak het.

BANIERWENNERS

Die beoordelaars het gespook om die eerste 3 plekke in elke kategorie aan te wys.

Die volgende toekennings is gemaak:

Baniere:		
Eerste Plek word gedeel:	Graad RC en 7C	Bergklim
	Graad 1H en 6H	Rotsklim
	Graad 3N en 6B	Lugballonvlugte
Tweede Plek:	Graad 2R en 4G	Wildbesigtiging
Derde plek word gedeel deur:	Graad 1F en 6V	Fietsry
	Graad RV en 7J	Rooi bus
	Graad 1A en 5J	Visvang
Bykomstighede:		
Eerste Plek word gedeel:	Graad 2J en 5H	Bootrit
	Graad 3N en 6B	Lugballonvlugte
Tweede Plek:	Graad 2R en 4G	Wildbesigtiging
Derde plek word gedeel deur:	Graad 1F en 6V	Fietsry
	Graad RV en 7J	Rooi bus
	Graad 1A en 5J	Visvang
ALGEHELE WENNERS:		
Eerste Plek:	**Graad 3N en 6B**	**Lugballonvlugte**
Tweede Plek:	**Graad 2J en 5H**	**Bootritte**
Derde Plek word gedeel deur:	**Graad RC en 7C**	**Bergklim**
	Graad 3R en 5W	**Waterski**

Baie geluk aan al ons wenners!

Vir die Algehele wenners wag daar 'n verrassing!

BEDANKINGS:

Baie dankie aan al ons ouers wat as **klasverteenwoordigers** opgetree het. U harde werk ten opsigte van die beplanning en organisasie van die verkope en speletjies het beslis bygedra tot die sukses van verlede Saterdag.

Dankie vir die kreatiwiteit wat julle aan die dag gelê het met die versiering van die stalletjies.

Roodies se Bobaas potjiekosmakers – Dankie dat julle Vrydagaand gesorg het vir heerlike geure uit julle potte en ons magies gevul het met kos uit die boonste rakke. Dankie dat julle nie net julle tyd opgeoeffer het nie maar ook julle beursie wyd oopgemaak het. Dankie aan ander ouers wat kos geskenk het.

Baie dankie aan al die **Roodie leerders** vir julle entoesiasme. Dit was so lekker om julle uitbundige stemmetjies te kon hoor en te sien hoe lekker julle lag en speel.

Roodie ouers baie dankie vir julle ongelooflike ondersteuning van die begin af, asook julle harde werk ten opsigte van die voorbereiding, verkope, speletjies en maak van die baniere.

Julle hulp aan die klasverteenwoordigers ten opsigte van skenking van donasies word opreg waardeer.

Aan **al die onderwysers** - Dankie vir julle entoesiasme, besondere harde werk en hulp …… **Dankie!**

Alle **klasborgskappe** – Deur ouers en maatskappye - dankie dat julle die klasse gehelp het met hulle mikpunt van R2500 in borgskappe.

Ons twee beoordeellaars: **Juffrou Antoinette en Suzanne** - Dankie vir die beoordeling van die baniere en leerders se bykomstighede.

Dankie aan **tannie Marié** wat verskriklik hard gewerk het om die geld van die donasielyste te tel en so baie betalings moes maak.

Noodhulpspan - Baie dankie vir die dokter van die eina's!

Johan en die skool se span **werkers** - Dankie dat julle gehelp het om die terrein gereed te kry en help opruim het.

Dankie aan **Neil Oosthuizen** en **Marius Keyter** van die Beheerliggaam wat die finansies Saterdag hanteer het.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Anesta en **Monique** vir die neem van foto's vir sosiale media.

Lekker FM – Wat die klank en afkondigings hanteer het.

Pieter en Christiaan van **Great Soapbox Fun** – Dankie vir die kaskar pret.

Madele en Tinus van **InsideData** – vir die maak en skenking van die kaartjies.

Al die **Uitstallers en Verkopers** – Dankie vir julle bydrae tot ons Roodie-Avontuur se gees.

Indien ek uitgelaat het om iemand te bedank, aanvaar asb. my opregte verskoning.

Juffrou Annemarie
Koördineerder

ENTREPRENEURSDAE

Neem asseblief kennis van die volgende **Markdae:**

Graad 7 - **Saterdag 27 Augustus** tydens die Mini-Kriekettoernooi

Graad 4 - 6 - **Vrydag 2 September** - Saam met Loslitdag - **Gr 4 - 7** besoek die mark gedurende skooltye.

Graad 3 - **Donderdag 8 September** - **Graad R-3** besoek die mark - Kleuterskole word genooi.

Inskrywings sal **Dinsdag, 22 Augustus** tydens pouses uitgedeel word.

SANLAM WOW SPELFEES

GSF-uitdunne

Donderdag, 11 Augustus het die laaste interne uitdunne plaasgevind.
Die volgende leerders dring deur na die ronde by Laerskool Fairland.
By die Graad. 1-leerders was daar drie leerders wat gelykop 8ste plek behaal het.
(Dus is daar meer leerders wat in die hierdie ouderdomsgroep gaan deelneem.)

Gr. 1-leerders in alfabetiese volgorde:

- Barnard Avah
- Cordier Leandré
- De beer Paul
- Gee Ethan
- Gerber Charno
- Joubert André
- Musgrove Jayden
- Rossouw Mia
- Swanepoel Loami
- Wannenburg Lana

Gr.2-leerders in alfabetiese volgorde

- Botha Karlien
- Cummings Myla
- Jooste Anton
- Koekemoer Juanrich
- Retief Emma
- Reyerse Christiaan
- Van Geest Kate
- Van Greunen George

Gr.3-leerders in alfabetiese volgorde

- Brits Monique
- Butner Lea
- Gee Angela
- Grobler Neil
- Marais Leo
- Rademeyer Mia
- Rossouw Aw
- Swart Lika

Nogmaals baie geluk aan elke leerder wat deelgeneem het. Ons is regtig baie trots op julle.

Al die leerders wat deurgedring het na die pretronde by Laerskool Fairland, het gister 'n brief ontvang met al die reëlings vir **Vrydag, 2 September**.
Stuur asb. die afskeurstrokie so gou moontlik terug, dat ons die getalle kan bevestig.

Senior-uitdunne

Die volgende leerders dring deur na die volgende ronde wat ook **Vrydag, 2 September** by Laerskool Fairland sal plaasvind.

Gr.4-leerders in alfabetiese volgorde

- Bester Laureen
- Claassen Cara
- Faber Delinda
- Hauptfleisch Kaylynn
- Maree Keenan
- Lisher Simone
- Venter Marko
- Wienekus Wian

Gr.5-leerders in alfabetiese volgorde

Die gr.5's se finale interne mondelinguitdun vind **Dinsdag, 23 Augustus** tydens pouse in juf. Jana se klas plaas. Die finale 8 leerders sal teen **Woensdag, 24 Augustus** aangekondig word.

Gr.6-leerders in alfabetiese volgorde

- Husselman Felix
- Kotze Leandi
- Meione Enzo
- Nel Niandi
- Nolte Carli
- Pieters Juané
- Trytsman Angelique
- Van der Westhuizen Eunice
- Van Wyk Jesse

Gr.7-leerders in alfabetiese volgorde

- Delport Chanté
- De Kooker Kayden

#RoodieAkamedie #RoodiesKanSpel

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

REDENAARS

Baie geluk aan die volgende leerders met jul pragtige Oppie-tong-af uitslae.

Paul de Beer	A+
Carike Willemse	A+
Michaela du Plessis	A+
Leo Marais	A++
Diani du Plessis	A+
Monique Brits	A
Ziane Delport	A+
Jaydon van Zyl	A++
Xander J v Rensburg	A+
George van Greunen	A+
Helé Fourie	A+
Marizé Odendaal	A+
Lischè Hooman	A+
Bianca Phyfer	A+
Amerize Kleinsmith	A+
Xander Lombard	A+
Ruben Kleinsmith	A+
Janco Esterhuizen	A+
Mile Olivier	A+
Kayden de Kooker	A
John Butner	A
Chanté Delport	A+

Die res van die uitslae sal geplaas word, sodra dit ontvang is.

#RoodieKultuur #RoodieRedenaars #Roodiesklets

SKAAK D12

Dit was 'n besige, maar lekker oggend by Crawford International School. Baie dankie aan elke leerder wat deelgeneem het. Ons is so trots op julle.

Die uitslae is as volg:

0. 13 - 11de plek
0. 11 A - 1ste plek
0. 11 B - 11de plek
0. 9 - 3de plek

Die 0. 11 A dring deur na die Gauteng Kampioenskappe wat op **Vrydag, 26 Augustus** sal plaasvind.

#Roodiesskaak #Roodiesport #RoodiesMaakSlimSkuiwe

LANDLOOP

Baie geluk aan al ons atlete wat laas week **Vrydag, 12 Augustus** aan die tweede landloopliga deelgeneem het. Elke atleet het uitstekend presteer en hulle beste gegee. Ons as Roodies is ongelooflik trots op elkeen van julle. Sterkte aan al die atlete wat **Vrydag, 19 Augustus 2022** aan die derde landloopliga gaan deelneem. Onthou doen altyd net jou beste, want dit is goed genoeg.

Na Vrydag se finale liga, sal ons die leerders se name bekend maak wat ons skool by die D12-landloopbyeenkoms op **Woensdag, 24 Augustus** gaan verteenwoordig.

Landloopoefentye is soos volg: Maandae, Dinsdae en Donderdae vanaf 16:00 tot 16:45

#RoodieSport #RoodieLandloop

KRIEKET

Mini-krieket

Woensdag, 17 Augustus het 2 spanne van elke ouderdom (0. 6, 0. 7 en 0. 8) aan 'n Mini-kriekettoernooi te Laerskool Dr. Havinga deelgeneem. Dit was 'n heerlike middag almal het hul gate uit geniet.

Vergewis u met die volgende belangrike Mini-Krieket datums:

- 17 Augustus - Laerskool Dr Havinga
- 20 Augustus - Laerskool Dr Havinga
- 24 Augustus - Horizon View Primary

- 27 Augustus - Tuis
- 31 Augustus - Tuis
- 3 September - Laerskool Krugersdorp-Noord
- 7 September - Crawford Inter. Ruimsig
- 14 September - Weltevreden Park Primary

Elke week sal die spanlyste gelaai word om aan te dui wie in die komende wedstryde speel. Ons afrigters sal seker maak elke speelster kry 'n regverdige kans om wedstryde te speel.

Hierdie week het ons seuns hul liga-wedstryde teen Laerskool Dr. Havinga gespeel hiermee die uitslae:

#RoodieMassaDeelname #RoodieKrieket

o. 9 tot o. 13 Hardebal Krieket

Spesiale vermeldings word aan seuns gemaak wat 3 paaltjies inpalm of ‘n 50-tal gedurende ‘n wedstryd aanteken:

o. 9A

Uitslag van wedstryd teen **Trinity Little Falls**
Wen met 30 lopies
Geluk Tiaan van der Merwe met jou 3 paaltjies vir 15 lopies.

Uitslag van wedstryd te Laerskool Dr. Havinga
Wen met 4 paaltjies

o. 9B

Wen met 9 paaltjies

o. 10A

Wen met 10 paaltjies
Geluk **Evan Oosthuizen** met jou 4 paaltjies vir slegs 4 lopies in 2 beurte.
Geluk **Evan Oosthuizen** 50* van 28 balle (Nie uit nie)

o. 11A

Wen met 309 lopies

Janco Esterhuizen – 68* van 32 balle (Nie uit nie)
Jordan Olwagen - 3 paaltjies vir 2 lopies in 1 beurt

2de-span

Wen met 9 paaltjies
Geluk aan die volgende seuns met jul prestasie:

Hannes Raath - 4 paaltjies vir 15 lopies in 4 beurt
Hanco Adriaanse – 4 paaltjies vir 21 lopies in 4 beurte

1ste-span

Wen met 270 lopies

Baie geluk **Heinrich Minnaar** met 'n uitmuntende kolfbeurt van 222* van 80 balle (Nie uit nie)

Baie geluk aan die volgende seuns wat in hul onderskeie ouderdomsgroepe in die **Johannesburg Wes-distrikspanne** opgeneem is:

o. 11

- Christiaan Koekemoer
- Janco Esterhuisen
- Logan Swart
- Luhan Liebenberg
- Vion Roux

o. 12

- Collin Schutte
- Felix Husselman

o. 13

- Heinrich Minnaar
- John Butner

- Liam Roets
- Ruan J Pienaar

Baie sterkte aan die o. 9- en 0. 11-seuns wat die naweek **18 tot 20 Augustus** aan die geslote Jhb-Wesproewe deelneem.

#RoodieSport #RoodieKrieket

HOKKIE

Ons o. 10 A en B, o. 11 A en B en junior seuns A het **Donderdag, 18 Augustus** teen Laerskool Dr. Havinga gespeel.

Dit was 'n lekker middag met baie sterk kompetisie.

Ons is so trots op ons Roodies.

Die uitslae is as volg:

o. 10 A wen 2 - 1

o. 10 B speel gelyk op 0 - 0

o. 11 A wen 6 - 1

o. 11 B wen 1 - 0

Ons o. 12, o. 13 en senior seuns speel vanmiddag, **19 Augustus** teen Laerskool Dr. Havinga en ons sien uit na die wedstryde.

Donderdag, 25 Augustus 2022 speel ons teen Laerskool Helderkruin tuis. Program word vandag gelaai asook die MS Team vorm.

Mini-hokkie

Belangrike datums

- 20 Augustus 2022 – Laerskool Dr. Havinga
- 24 Augustus 2022 – Laerskool Horison
- 26 Augustus 2022 – Laerskool Roodekrans
- 3 September 2022 – Laerskool Florida

Oefentye

Oefeninge gaan voort op Woensdae en Vrydae

SKAAK

Baie sterkte aan al die spanne wat volgede week **Woensdag, 10 Augustus** aan die D12-skaaktoernooi by Crawford International School in Ruimsig gaan deelneem. Ons weet dat julle die Roodienaam hoog sal hou. Daar sal dus Woensdag geen skaak by juffrou Marca wees nie. Die graad 1 - 3 leerders is egter welkom om by meneer S.J. Breytenbach se skaaksessie in te skakel.

#RoodieSport #RoodieSkaak

MA-EN-SUS-MINI-NETBAL-KAMP

Ons is baie opgewonde om hierdie jaar soveel belangstelling in ons ma-en-mini-kamp te hê.

Ons sien vreeslik uit na hierdie spesiale geleentheid.

Ons sal ongelukkig egter die datum na **21 en 22 Oktober 2022** moet verskuif a.g.v. onvoorsiene omstandighede.

Jammer vir die ongerief.

#RoodieSport #RoodieNetbal #EenDoelvoorOë

RAK-KUNSWEDSTRYD

Die Juniorkoor het op **16 Augustus** aan die RAK-kunswedstryd deelgeneem. Hulle het vir beide hulle liedere ‘n A+ ontvang. Baie dankie aan elke leerder en ouer wat betrokke was. Juniorkoor sal van nou af elke keer in hulle nuwe koorklere optree. Sien MS Teams vir meer inligting rakende die koorklere.

Die Seniorkoor sal op **17 Augustus** aan die RAK-kunswedstryd deelneem. Seniorkoor sal van nou af elke keer met hulle onderbaadjies optree. Sien MS Teams vir meer inligting rakende die koorklere.

Die volgende kooroptrede vir beide kore vind op **Woensdag, 24 Augustus**, te Constantiakruin Gemeente (Liebenbergstraat 17, Constantia Kloof) plaas.

Beide kore tree in hulle nuwe koorklere op. Alle koorlede moet 16:00 by die kerk aanmeld. Die program begin om 18:00. Daar is 'n snoepie beskikbaar, maar koorlede moet asb. hulle eie kospakkies saamneem. Kaartjies kan ook gekoop word op Quicket met die volgende skakel: HTTPS://QKT.IO/AGG4OY

Daar sal **GEEN** seniorkooroefening op Woensdag, 24 Augustus wees nie, a.g.v. die optrede.

#RoodieKultuur #RoodiesSing

Groete

HOOF
G.G ROUSSEAU